

**27 Junie**

**Skrifgedeelte: Handeling 27:12-44**

### **Hoopvol in 'n hopelose situasie**

Dapper maar tevergeefs het die seelui probeer om die skip te red. Alle hoop om gered te word – so lees ons – word die mense op die skip ontnem. In hierdie nood is daar één persoon wat volkome rustig bly: Paulus. Nie uit ongevoeligheid nie, maar omdat hy weet dat hy nie in die mag van die elemente is nie, maar in die hand van sy God. Só tree hy vir die passasiers as 'n kragbron op. Eers herinner hy hulle aan sy vroeëre waarskuwing (vers 10) om nie te seil nie (vers 21). Dit word nie uit leedvermaak gedoen of as 'n verwyf gerig nie, maar om te bemoedig. Hy onderstreep só die wysheid en waarheid van sy woorde. Hulle kan dus peil trek op God se belofte van redding wat hy voorhou. Verder verwys hy na die Goddelike openbaring dat hy voor die keiser moet verskyn en dat die Here hom veilig daar sal besorg; wat meer is, nie net vir hom nie, maar ook almal saam met hom op die skip. Dis 'n geopenbaarde belofte van die lewende God waaraan hulle moet vashou. Dit vra geloof.

Watter hoop leef in jou hart? Is dit iets vaags of is dit 'n kragbron waaruit jy elke dag leef? Ons het God se belofte dat Hy ons in elke noodsituasie sal dra en met sy liefde en genade sal omgewe. Dit is die hart van die geloof, altyd en vir elkeen, om eie falende sekerhede te verlaat en te bou op God se sekerheid, Sy Woord. Wie dit doen, is rustig in elke storm. Hy of sy sê in elke noodsituasie: “Ek glo dat God alles net so sal laat gebeur soos Hy vir my gesê het” (vers 25). Dié geloof stel ons in staat om ons taak te volbring.

Sing: Psalm 46:6

Prof F Denkema (Potchefstroom)